

Brambles

Beleid oor teenomkoperij en -korrupsie

Brambles Limited

Hersien: 01 Julie 2021

Weergawe 3,0

BELEID OOR TEENOMKOPERIJ EN -KORRUPSIE

1. Inleiding en doel van hierdie beleid

- 1.1 Een van Brambles se gedeelde waardes is dat ons altyd wettig, eties en met integriteit en respek vir die gemeenskap en omgewing optree.

Omkoperij en die verwante onbehoorlike gedrag waarna in hierdie beleid verwys word, is nie net ernstige strafregtelike en siviele oortredings nie, maar ook teenstrydig met ons gedeelde waardes. Om by daardie gedrag betrokke te raak kan daartoe lei dat Brambles of u baie groot boetes, regs- en voldoeningsverwante kostes opgelê word, en tot siviele aanspreeklikheid en tronkstraf vir individue wat betrokke is. Dit kan ook lei tot ernstige skade aan Brambles se reputasie en markwaarde.

- 1.2 Hierdie beleid:

- (a) sit ons verantwoordelikhede, en die verantwoordelikhede van diegene wat vir ons werk, in verband met omkoperij en korrupsie uiteen, en
- (b) verskaf inligting en leiding aan diegene wat vir ons werk oor hoe om kwessies van omkoperij en korrupsie te herken en dit te hanteer.
- (c) In hierdie beleid verwys die terme "ons" en "Brambles" na Brambles Limited en sy groepmaatskappye ("**Brambles**").

- 1.3 U moet seker maak dat u hierdie beleid lees, verstaan en daaraan voldoen

2. Wie word deur hierdie beleid gedek?

Hierdie beleid geld vir alle individue wat vir of namens ons werk op alle vlakke, onder wie senior bestuurders, beamptes, direkteure, werknemers (hetsy permanent, vastetermyn of tydelik), konsultante, kontrakteurs, vakleerlinge, gesekondeerde personeel, toevallige werkers en agentskaps personeel, derdepartydiensverskaffers, agente, borge of enige ander persoon wat met ons geassosieer word, waar hulle ook al geleë is (in hierdie beleid gesamentlik na verwys as "**Personeel**").

3. Ons beleid: omkoperij, korrupsie en invloedsmousery is verbode

- 3.1 Ons doen ons sake wettig, eties en met integriteit. Korrupte praktyke is onaanvaarbaar en ons volg 'n benadering van geen verdraagsaamheid nie oor omkoperij, korrupsie en invloedsmousery. Ons is daartoe verbind om professioneel, regverdig en met integriteit op te tree in al ons sakebedrywighede en -verhoudings waar ons ook al werksaam is, en om doeltreffende stelsels te implementeer en toe te pas om omkoperij teen te werk. Ons sal voldoen aan die wetlike en regulatoriese raamwerk in elke land waarin ons werksaam is.
- 3.2 Ons verwag ook van diegene met wie ons sake doen om 'n soortgelyke benadering van geen verdraagsaamheid teenoor omkoperij en korrupsie nie te volg. Brambles sal 'n behoorlike en gepaste omsigtigheidstudie doen voordat enige ooreenkoms met enige derde party gesluit word wat namens Brambles sal optree, en sekere versekerings oor voldoening van die derde party verkry.
- 3.3 Hierdie beleid vorm deel van Brambles se gedragskode en moet saam met die riglyne oor teenomkoperij en -korrupsie gelees word wat op Walter geplaas is, en Brambles se missie en waardes wat in die gedragskode uiteengesit word, soos van tyd tot tyd gewysig en aangevul is.

4. Verantwoordelikheid vir die beleid

- 4.1 Hierdie beleid is deur Brambles se raad goedgekeur en deur ons uitvoerende hoofbeampte onderskryf om Brambles se verbintenis tot die hantering van kwessies oor omkoperij en korrupsie te toon. Brambles se uitvoerende leierspan het die verantwoordelikheid om voldoening aan hierdie beleid te monitor en sal oor hul moniteringsaktiwiteite deur die uitvoerende hoofbeampte aan die raad van Brambles verslag doen.
- 4.2 Brambles het 'n groep vir die voorkoming van omkoperij gevestig wat gereeld byeenkom en verantwoordelik is om die implementering van hierdie beleid te monitor, toesig te hou oor algemene voldoening aan hierdie beleid, opleiding te verskaf oor die vereistes van die beleid en om te verseker dat dit voldoende aan die toepaslike partye gekommunikeer word.
- 4.3 Die groep vir die voorkoming van omkoperij bestaan uit die volgende individue van wie enige drie 'n kworum sal vorm.
- Hoof van die regsafdeling en groepmaatskappysekretaris
 - Die voldoeningshoofbeampte
 - Die visepresident en streeksadvokaat, EMEA
 - Die visepresident en streeksadvokaat, Amerikas en APAC

Die groep vir die voorkoming van omkoperij mag van tyd tot tyd bykomende lede tot die groep toevoeg, op 'n tydelike of permanente grondslag soos spesifieke of algemene omstandighede dit dalk mag vereis.

- 4.4 Brambles se voldoeningshoofbeampte het die daaglikse verantwoordelikheid om toesig te hou oor die implementering van hierdie beleid, om die aanwending en doeltreffendheid daarvan te monitor en om oor daardie aangeleenthede aan die groep vir die voorkoming van omkoperij en Brambles se raad verslag te doen.
- 4.5 Bestuur en senior personeel op alle vlakke is verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid in hul onderskeie werkplekke en om te verseker diegene wat aan hulle rapporteer, word bewus gemaak van hierdie beleid en begryp dit.

5. Wat is omkoperij, korrupsie en invloedsmousery?

- 5.1 Korrupsie is die misbruik van openbare of private posisie vir persoonlike gewin.
- 5.2 'n Omkoopprys is 'n aansporing of beloning wat regstreeks of onregstreeks aan 'n staatsamptenaar of 'n deelnemer aan 'n private kommersiële transaksie aangebied, beloof of voorsien word om enige kommersiële, kontraktuele, regulatoriese of persoonlike voordeel deur onbehoorlike prestasie of 'n toepaslike funksie of aktiwiteit te verkry. Hoewel omkoperij van staatsamptenare of private individue gelykwaardig ingevolge hierdie beleid verbied word, moet spesifieke sorg gedra word wanneer met eersgenoemde gehandel word, aangesien teenkorrupsiewetgewing in die algemeen strenger is, met spesifieke strawwe wat geld wanneer staatsamptenare betrokke is.

Die volgende word as "staatsamptenare" beskou:

- Amptenare, werknemers of verteenwoordigers van enige staat, departement, agentskap, buro, gesag, instrumentaliteit of openbare internasionale organisasie. 'n Openbare

internasionale organisasie is enige organisasie wat deur state, regerings, of ander streeks- of supernasionale liggame gevorm is. Daaronder is byvoorbeeld die VN, die organisasie van Amerikaanse deelstate (Organization of American States of OAS) en die Internasionale Rooikruis;

- Persone wat namens die staat optree;
- Werknemers van entiteite wat deur 'n staat besit of beheer word, en
- Kandidate vir 'n politieke posisie

Gevolglik is sommige dele van hierdie beleid strenger wanneer dit oor state handel (raadpleeg byvoorbeeld afdeling 6).

5.3 Onder voorbeelde van omkoperij is die volgende:

- Aanbieding van 'n omkoopprys

U bied kaartjies na 'n groot geleentheid aan 'n potensiële kliënt op voorwaarde dat hy of sy sake met ons doen, ons bo 'n mededinger begunstig of sy of haar prys verlaag.

Dit sal 'n oortreding wees, aangesien u 'n aanbod maak om 'n kommersiële en kontraktuele voordeel te verkry. Dit kan ook bevind word dat Brambles 'n oortreding gepleeg het omdat die aanbod gemaak is om sake vir ons te verkry. Dit kan dalk ook 'n oortreding wees vir die potensiële kliënt om u aanbod te aanvaar.

- Ontvangs van 'n omkoopprys

'n Verskaffer gee u nefie werk, maar in ruil daarvoor maak hy of sy dit duidelik dat hy of sy van u verwag om u invloed in ons organisasie te gebruik om te verseker ons hou aan om sake met hom of haar te doen.

Dit is 'n oortreding vir 'n verskaffer om so 'n aanbod te maak. Dit sal 'n oortreding vir u wees om daartoe in te stem, aangesien u daardeur 'n persoonlike voordeel sal verkry.

- Omkoping van 'n buitelandse amptenaar

U maak 'n betaling of reël dat die maatskappy 'n betaling maak aan 'n staatsamptenaar om te verseker sy of haar departement reik 'n gunstige inspeksieverslag, 'n lisensie of pas uit wat die maatskappy nodig het om sake te doen.

Die oortreding om 'n buitelandse openbare amptenaar om te koop word gepleeg sodra die aanbod gemaak word. Dit is omdat dit gemaak word om 'n sakevoordeel vir Brambles te verkry. Dit kan ook bevind word dat Brambles 'n oortreding gepleeg het.

Die omkoping van 'n staatsamptenaar in een land kan lei tot nie net die verbreking van plaaslike wetgewing nie, maar ook van wetgewing in ander lande. Die omkoping van 'n buitelandse amptenaar kan byvoorbeeld lei tot die oortreding van een of meer wette van die VSA, Brittanje, die Europese Unie of Australië, selfs al vind die omkoping in 'n ander land plaas waar Brambles sake doen. Die strawwe vir die verbreking van hierdie wetgewing kan wissel tussen aansienlike boetes tot tronkstraf en ook 'n negatiewe uitwerking op nie net Brambles se reputasie hê nie, maar ook op dié van sy personeel.

Benewens regstreekse betalings van geld of buitensporige geskenke, kan ander voorbeelde

van omkoperij onder meer die volgende wees wat op instruksie of tot die voordeel van 'n staatsampenaar of kommersiële sakevennoot gemaak word: (a) buitensporige reise, maaltye, vermaak of ander gasvryheid; (b) bydraes tot enige politieke party, veldtog of veldtogbeampte, of (c) liefdadigheidsbydraes of korporatiewe borgskappe. Omkooppryse mag ook nie aangebied, belof of onregstreeks verskaf word deur sakevennote, diensverskaffers, konsultante of ander agente wat namens Brambles werk nie, wat geheime kommissies insluit.

5.4 Invloedsmousery is 'n vorm van korrupsie. Dit *is die praktyk om jou invloed* in die regering of kontakte met mense in gesagsposisies te gebruik om gunste of voorkeurbehandeling vir iemand anders te verkry, gewoonlik (maar nie uitsluitlik nie) in ruil vir betaling.

5.5 Vermy belangebotsings

Personeel mag dalk hulself in 'n posisie plaas waarin hulle teenomkoperij- of -korrupsiewetgewing verbreek as hulle 'n belangebotsing het, spesifiek in verband met kontrakte. Hierdie botsings kom voor waar jou persoonlike belange dalk met die belange van Brambles kan bots. Voorbeelde van gebiede waar 'n botsing dalk mag voorkom, sluit in 'n persoonlike belang by 'n kontrak, hetsy regstreeks (byvoorbeeld waar jy 'n teenparty tot 'n kontrak is) of onregstreeks (byvoorbeeld waar jy 'n belang het by die teenparty tot die kontrak deur die besit van aandele of 'n nabye familielid het wat vir die teenparty werk of 'n eienaarsbelang daarby het en regstreeks of onregstreeks by die kontrak sal baat), in diens buite Brambles is, die aanwending van inligting wat vertroulik tot Brambles is in 'n persoonlike transaksie, of die aanvra of aanvaarding van geskenke of vermaak wat buite die riglyne val wat in afdeling 6 van hierdie beleid uiteengesit word.

Gevolgtrek moet u nie betrokke raak by aktiwiteite wat 'n belangebotsing kan behels of kan voorkom of dit een behels nie. As u daarvan bewus word dat Brambles dit oorweeg om sake te doen met 'n entiteit of individu met wie u 'n persoonlike of finansiële verhouding het, moet u uself verwyder uit sulke besluite of toesig en die verhouding aan u lynbestuurder of enige lid van die regs- of mensehulpbronspan openbaar. As u nie seker is of 'n spesifieke situasie dalk tot 'n belangebotsing kan lei nie, kontak u lynbestuurder of enige lid van die regs- of mensehulpbronspan.

5.6 **Geskenke en gasvryheid.** Hierdie beleid verbied **nie** beskeie, redelike en gepaste gasvryheid (gegee of ontvang) aan of vanaf derde partye nie as die doel daarvan is om ons maatskappy se beeld te verbeter, ons produkte of dienste voor te stel of sakeverhoudings te vestig of handhaaf.

5.7 Ons personeel word slegs toegelaat om geskenke of gasvryheid te gee of te ontvang wat redelik, proporsioneel, geregverdig en in ooreenstemming met hierdie beleid en enige toepaslike plaaslike wetgewing oor geskenke en/of gasvryheid is.

5.8 Dit is verbode om 'n geskenk of gasvryheid te gee met die verwagting dat 'n sakevoordeel ontvang sal word of om 'n gegewe sakevoordeel te beloon. Ons personeel kan nie skimp vir geskenke nie. Geskenke mag slegs aanvaar word as dit op 'n ongereelde grondslag gegee word, vir die uitsluitlike doel om 'n sakeverhouding aan te kweek en te verbeter, en laer as die finansiële perk in afdeling 6.9 hier onder is.

5.9 Gasvryheid of geskenke mag egter nie gegee of aanvaar word van klante of verskaffers nie, ongeag die waarde daarvan, in die tydperk in aanloop tot en gedurende 'n tenderproses of kontrakonderhandeling waaraan daardie klant of verskaffer deelneem nie. As personeel nie seker is of hulle in die tydperk in aanloop tot 'n tender is nie, kontak die

voldoeningshoofbeampte of 'n lid van die groep vir die voorkoming van omkoperij.

- 5.10 **PERSONEEL MAG NIE ENIGE GASVRYHEID OF GESKENK AANVAAR OF VERSKAF AAN OF NAMENS 'N STAATSBEAMPTENARE SONDER OM EERS GOEDKEURING VAN DIE GROEP VIR DIE VOORKOMING VAN OMKOPERY TE VERKRY NIE.** Paragraaf 5.2 beskryf wie as staatsamptenare beskou word, onder wie onder meer werknemers van entiteite in staatsbesit of -beheer.
- 5.11 Personeel mag nie geskenke aanvaar of verskaf verwant aan enige niestaatsderdeparty met 'n waarde hoër as €75, of ekwivalent in plaaslike valuta, sonder die goedkeuring van hul lynbestuurder nie en moet verseker dit is uitsluitlike vir die doel om 'n sakeverhouding aan te kweek of te verbeter. Geskenke van meer as €75, of ekwivalent in plaaslike valuta, van enige enkele bron per kalenderjaar vereis u lynbestuurder se goedkeuring, en geskenke van meer as €250, of ekwivalent in plaaslike valuta, van enige enkele bron per kalenderjaar vereis daarbenewens die goedkeuring van die groep vir die voorkoming van omkoperij. (As twee individue van een maatskappy afsonderlike geskenke in een kalenderjaar aan 'n personeellid aanbied, moet die waarde van die geskenke bymekaargetel word om te bepaal of goedkeuring van die lynbestuurder of die groep vir die voorkoming van omkoperij vereis word. Om twyfel te vermy, in hierdie geval is die "bron" van die geskenke die maatskappy, nie die twee individue wat die geskenke aanbied nie.)
- 5.12 Soos in afdeling 9 uiteengesit word, is ons personeel en ander persone wat namens ons werk verplig om enige geskenk of gasvryheid wat gegee of ontvang word (waar toepaslik, verwante uitgawes ingesluit) dadelik en akkuraat aan te teken. Sulke rekords is onderhewig aan bestuurhersiening.

6. Politieke donasies

- 6.1 Ons maak nie donasies aan politieke partye, organisasies of individue wat by die politiek betrokke is nie.

7. Fasiliteringsbetalings

- 7.1 'n Fasiliteringsbetaling is 'n betaling aan 'n staatsamptenaar om 'n roetine-, niediskresionêre staatsoptrede deur daardie amptenaar te verseker of te vergemaklik. Hierdie soort betalings word gewoonlik deur laevlakamptenare geëis in ruil vir die verskaffing van 'n diens wat normaalweg en gebruiklik deur die amptenaar verleen word. By Brambles maak ons nie fasiliteringsbetalings nie.
- 7.2 'n Gepubliseerde, goedgegedokumenteerde vergemaklikingsfooi wat regstreeks aan 'n staat of staatsonderneming betaal word, word gewoonlik nie ingevolge teenomkoopwetgewing as 'n fasiliteringsbetaling beskou nie. Die betaling van 'n fooi om byvoorbeeld 'n paspoortaanzoek te vergemaklik, 'n pakket af te lewer of om staatsdokumentasie soos visums te verwerk word nie as 'n fasiliteringsbetaling beskou nie as sodanige fooie aan die staatsonderneming – nie 'n individu nie – betaalbaar is en openlik gepubliseer word. As u 'n vraag het oor of 'n betaling toelaatbaar is, kontak asseblief 'n lid van die groep vir die voorkoming van omkoperij.

8. Onmiddellike bedreigings

- 8.1 As daar 'n onmiddellike bedreiging vir u gesondheid en veiligheid is, mag u 'n betaling maak om onmiddellike leed te voorkom. Die verlies van 'n sakegeleentheid vir Brambles is **nie** 'n onmiddellike bedreiging nie. U moet wanneer dit ook al moontlik is eers die groep vir die

voorkoming van omkoperij raadpleeg en magtiging ontvang voordat u 'n betaling maak. As voorafgoedkeuring egter nie moontlik is nie, moet u die betaling binne 48 uur nadat dit gemaak is by die groep vir die voorkoming van omkoperij aanmeld.

9. U verantwoordelikhede

- 9.1 Die voorkoming, bespeuring en aanmelding van omkoperij en ander vorms van korrupsie is die verantwoordelikheid van al diegene wat vir ons werk of onder ons beheer is. Alle personeel is verplig om enige optrede te vermy wat dalk tot oortreding van hierdie beleid kan lei, hetsy deur personeel of deur 'n sakevennoot, diensverskaffer, konsultant of ander agent van Brambles.
- 9.2 U moet u lynbestuurder of die groep vir die voorkoming van omkoperij so gou moontlik inlig as u dink of vermoed 'n oortreding van of botsing met hierdie beleid het voorgekom of kan dalk in die toekoms voorkom.
- 9.3 Enige werknemer wat hierdie beleid oortree, sal dissiplinêre optrede in die gesig staar wat tot afdanking weens wangedrag kan lei.

10. Rekordhouding

- 10.1 Ons moet finansiële rekords hou en gepaste interne beheermaatreëls in posisie hê wat die sakerede vir die maak van betalings aan derde partye aantoon.
- 10.2 U moet 'n geskrewe rekord hou van alle gasvryheid of geskenke wat aanvaar of aangebied is, sowel dié wat aan u gegee as dié wat u ontvang het. Die rekords sal onderhewig wees aan hersiening deur die groep vir die voorkoming van omkoperij.
- 10.3 U moet verseker dat alle eise vir uitgawes verwant aan gasvryheid, geskenke of uitgawes aangegaan aan derde partye in ooreenstemming met ons toepaslike beleid oor uitgawes ingedien word, en spesifiek die rede vir die uitgawe aanteken.
- 10.4 Alle rekeninge, fakture en ander dokumente en rekords wat verband hou met handelings met derde partye, soos kliënte, verskaffers en sakekontakte, moet streng akkuraat en volledig voorberei, gespesifiseer en onderhou word. Geen rekeninge moet "van die boek af" gehou word om onbehoorlike betalings aan te help of te verskuil nie, en persoonlike fondse moet nie aangewend word om te bereik wat andersins deur hierdie beleid verbied word nie.

11. Hoe om 'n kwelling te opper

- 11.1 U word aangemoedig om kwellings oor enige kwessie of vermoede van wanpraktyk of oortredings van hierdie beleid so gou moontlik te opper.
- 11.2 As u onseker is of spesifieke gedrag omkoperij of korrupsie uitmaak, of as u enige ander navrae het, moet dit teenoor u lynbestuurder en/of die groep vir die voorkoming van omkoperij geopper word. Alternatiewelik, as u ongemaklik voel om met hulle te praat, of bekommerd is nadat u dit gedoen het, moet u (anoniem as u dit verkies) die Praat uit-hulplyn bel.

12. Wat om te doen as u 'n slagoffer van omkoperij of korrupsie is

- 12.1 Dit is belangrik dat u u lynbestuurder en/of die groep vir die voorkoming van omkoperij so gou moontlik inlig as 'n derde party u probeer omkoop, u gevra word om dit te doen, vermoed dit kan dalk in die toekoms gebeur of dink u is 'n slagoffer van 'n ander vorm van onwettige optrede.

13. Beskerming

- 13.1 Personeel wat weier om 'n omkoopprys te aanvaar of aan te bied, of diegene wat kwellings oor 'n ander se misstappe opper of dit aanmeld, is soms bekommerd oor moontlike gevolge. Soos dit in Brambles se beleid oor uitpraat uiteengesit word, wat deel is van die gedragskode, moedig ons openheid aan en sal ons enigiemand ondersteun wat ter goeder trou werklike kwellings ingevolge hierdie beleid opper, selfs al word hy of sy op die ou end verkeerd bewys.
- 13.2 Ons sal nie vergelding of negatiewe behandeling van enige aard duld wat volg op enige personeelid wat weier om aan omkoperij of korrupsie deel te neem nie, of omdat hy of sy ter goeder trou sy of haar vermoede aanmeld dat 'n werklike of potensiele oortreding van omkoperij of ander korrupsie plaasgevind het of dalk in die toekoms mag plaasvind. Enige personeelid van wie dit bevind word dat hy of sy vergeldend teenoor 'n ander opgetree het omdat daardie persoon geweier het om aan omkoperij of korrupsie deel te neem of hy of sy ter goeder trou sy of haar vermoede aangemeld het dat 'n werklike of potensiele oortreding van omkoperij of ander korrupsie plaasgevind het of dalk in die toekoms mag plaasvind, sal onderhewig wees aan gepaste dissiplinerig, tot en insluitend beëindiging van diens. Vergelding of negatiewe optrede sluit in afdanking, dissiplinêre optrede, dreigemente of ander ongunstige behandeling wat met die opper van 'n kwelling verband hou. As u dink dat u onder sulke behandeling deurgeloopt het, moet u hetsy die groep vir die voorkoming van omkoperij inlig of die Praat uit-hulplyn bel.

14. Opleiding en kommunikasie

- 14.1 Opleiding oor hierdie beleid sal deel vorm van die induksieproses vir alle nuwe personeel. Personeel wat gegewe hul rol en posisie meer waarskynlik aan omkoperij blootgestel sal word, sal gepaste opleiding ontvang oor hoe om hierdie beleid te implementeer en daaraan te voldoen.
- 14.2 Aan die begin van ons sakeverhouding met verskaffers, kontrakteurs en sakevennote en soos gepas daarna sal ons benadering van geen verdraagsaamheid teenoor omkoperij en korrupsie nie aan hulle gekommunikeer word.

15. Monitering en hersiening

- 15.1 Die groep vir die voorkoming van omkoperij sal gereeld die doeltreffendheid van hierdie beleid monitor en die implementering daarvan hersien met oorweging van die geskiktheid, toereikendheid en doeltreffendheid daarvan. Geïdentifiseerde verbeterings sal so gou moontlik aangebring word. Interne beheerstelsels en -prosedures sal onderhewig wees aan gereelde oudits om die versekering te verskaf dat dit doeltreffend in die teenwerking van omkoperij en korrupsie is.
- 15.2 Die hoof van die regsafdeling of Brambles se voldoeningshoofbeampte sal aan die raad van Brambles verslag doen oor die monitering van die beleid en enige oortredings van die beleid, en enige voorgestelde wysigings aan die beleid aan die raad voorlê.
- 15.3 Alle werknemers is verantwoordelik vir die sukses van hierdie beleid en moet verseker dat hulle dit aanwend om enige vermoedelike oortreding of misstappe openbaar te maak.
- 15.4 Werknemers word uitgenooi om kommentaar op hierdie beleid te lewer en maniere voor te stel waarop dit verbeter kan word. Kommentaar, voorstelle en navrae moet aan Brambles se voldoeningshoofbeampte gerig word wat dit aan die groep vir die voorkoming van omkoperij sal kommunikeer.